




**FROM OPPRESSION
TO TRUE FREEDOM**



Krete van vreugde en oorwinning vir die ondersteuners van die UPM, het oor Rehoboth weerklank gevind, want 'n oorwinning is en was dit gewis vir die klein UPM, maar 'n bitter pil vir SWAPO ondersteuners toe die gesamentlike opposisie drie setels op die Rehoboth Dorpsraad kon in palm.

Die UPM was op Vrydag, 26 November 2010 presies vier maande in die politieke arena, en in Rehoboth spesifiek (2 setels) met ses weke in Okahandja (1 setel). Die vertoning spreek boek dele. Op Rehoboth kon die SWAPO Kandidaat vir die Rehoboth Wes Stedelike Kiesafdeling dit net, net maak teen die UPM kandidaat. Die politieke vuilspel van SWAPO kon nie veel teen 'n begerde UPM uitrig in hierdie kiesafdeling nie alhoewel daar met die UPM se kalwers geploeg was.

Die UPM kiesers het verseker dat die party by bykans al die stempunte in die Rehoboth Wes kiesafdeling die serpter kon swaai, met net die stempunt by die Rehoboth Primêre Skool (RPS) wat 'n beduidende oorwinning vir SWAPO kon toon. By die stempunt by die Reho Spa het die UPM ook stewig vertoon met 'n goeie oorwinning vir die party by "Die Kaptein Hermanus van Wyk Gedenksaal". Die UPM het net 53 stemme benodig om die 3de setel te verower. Die manhaftige vertoning van die UPM het SWAPO van 'n meerderheid stem op die Rehoboth Dorpsraad ontnem, en dui daarop dat die kiesers daar buite moeg is vir SWAPO manewales op die dorp. Die UPM-RDP Raadslede vorm 'n gedugte span en behoort SWAPO op Rehoboth op hul tone te hou.

SWAPO kon net by stempunte by "Blikkiesdorp" en die Oanob Gemeenskap Saal oortuigend wen. Op die platteland moes die UPM ongelukkig die knie buig. Ook in hierdie kiesafdeling was daar met anders se kalwers geploeg.

Die kiesers daar buite het getoon dat hulle vertrou het in die UPM bestuur, Kandidate en dit wat die party op die tafel kan plaas om die omstandighede van kiesers te kan verander. Op Rehoboth het die kiesers meer setels ver wag, en kon dit gebeur het indien kiesers in groter getalle op gekom het.

Die President van die UPM, Mnr Willem Bismarck van Wyk, het na die uitslae bekend gemaak was gesê, "Die UPM is 'n opkommende krag waarmee SWAPO in die toekoms rekening sal moet hou" Die Visie- President, Mnr. Piet Junius en Baster Kaptein John McNab stem volkome hiermee saam. Hierdie strydrosse het tot vroeg Sondag oggend die jonger gaarde vermaak met hul vertellings rond om hul politieke verlede en dit maak hierdie span nog meer merkwaardig. Baie kiesers wat van die stembus weggebly het, het nadat hul van die vertoning van die UPM kennis geneem het besef hierdie manne het daarin geslag om die Volk bymekaar te maak en daardeur 'n verandering in Rehoboth en elders teweeg te bring.

Die UPM kiesers is duidelik die wenners in Rehoboth en Okahandja, want partye soos die UDF, RRA en RDP moes op Rehoboth plek maak vir die UPM. Op Okahandja moes die DTA en NUDO die knie buig teen die UPM.

Voorts wil die UPM haar sterk uitspreek, teen 'n smeer en kwadwillige sms veldtog teen die UPM, RDP, Baster Kaptein John McNab en sy Kapeinsraad waarin beweerd word dat daar gestrewe word na 'n 100% Baster Rehoboth. Nie een van die betrokke partye genoem, het enige goedkeuring gegee vir sodanige boodskap. Die genoemde partye sal binnekort vergader om die aangeleentheid te bespreek en aksie te oorweeg.